DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**18 Julie 2021**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Geen erediens agv die Covid inperking** |
| **Skriflesing** | Psalm 103 asook Efesiërs 6: 10 - 18 |
| **Tema** | Die Here se liefde is oneindig vir almal wat op Hom vertrou |

Ons verloor daagliks vriende en familie wat sterf as gevolg van die pandemie wat oor ons land spoel. Verder het ons die afgelope week skokkende gebeure in ons land beleef. Die gevolge van die onrus en vernietiging van infrastruktuur gaan deur elke inwoner beleef word. Ons bid as gemeente dat die Here ons geloofskalmte en geloofskrag sal gee om ons oog op Hom gerig te hou. Psalm 103 is 'n besondere loflied wat deel is van 'n psalmreeks (103–106), wat die 4de bundel, in die Psalmboek afsluit. Die opskrif van Ps 103 is: "Van Dawid". Al vier liedere kan aan Dawid verbind word.

**Ek moet die Here prys**

Die Psalm begin in vers 1 en eindig in vers 22 met 'n persoonlike oproep tot lofprysing: "Ek wil die Here loof …" of duideliker in die 2020 vertaling: "Ek moet die Here … prys" Tussen in word die Psalm opgedeel in drie oproepe tot lofprysing: Persoonlike lofprysing – v 1-5; Lofprysing in die gemeente - v 6-18 en Lofprysing van die hemelwesens– v 19–22. Dit is belangrik vir ons vandag dat die eienskap van God wat die meeste besing word, sy **troue liefde** is: v 4, 8, 11, 17. Sy troue liefde wys konkreet in ons verlossing deur Jesus Christus en redding van die ewige dood (v 4), in Sy geduld en genade deur nie vir altyd toornig te wees nie (v 8), dat Hy ons nie vergeld volgens ons sondeskuld nie (v 11) en dat Hy sy troue liefde vir altyd en in alle geslagte betoon (v 17). Dit bly een van die belangrikste beskrywings van wie God in sy wese is.

**Persoonlike oproep tot lofprysing – vers 1-5**

Vers 1 lui in die 1933 vertaling: "Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!" Daardie "alles wat binne-in my is", dui letterlik op jou binnegoed en metafories op jou binnekant in terme van gedagtes en emosies. Die siel dui op jou wese, jou menswees, jou persoon of persoonlikheid, dit wat die wêreld van jou kan agterkom in terme van jou gehoorsaamheid aan God en Sy gebod. Die bedoeling is dus dat die Here met jou hele menswees, wat jou gedagtes en emosies insluit, jou buitekant en jou binnekant, geloof en geprys moet word.

Die inhoud van Dawid se lofprysing fokus op God se persoonlike weldade waarvan hy niks wil vergeet nie, dat Hy al sy sondeskuld vergewe het, dat Hy hom van al sy siektes genees, selfs sy lewe vrykoop van die dood en hom kroon met troue liefde en ontferming. Dié God versadig vir Dawid met die goeie en gee hom die jeugdige krag van die arend.

**Oproep aan die geloofsgemeenskap tot lofprysing – vers 6-18**

Die fokus skuif in die Psalm en gee 'n omvattende beskrywing van wie God is en wat Hy doen. Dit verruim nie net ons Godsbegrip nie, maar verdiep ons verwagting van God in 6 waarhede, met v 6 wat sentraal staan: **Die Here doen wat reg is en handhaaf die reg.** Die woorde is baie belangrik in 'n tyd waarin ons ordeloosheid en wetteloosheid ervaar.

**Die Here openbaar sy weë en sy dade** – v 7: Hiermee word Eks 33–34 in herinnering geroep waar Moses ná die sonde van die maak van die goue kalf die Here versoek om "sy weë" aan Hom te openbaar sodat "ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag" (33:13), waarop die Here bevestigend geantwoord het en selfs vir Moses die voorreg gegee het om Sy heerlikheid te sien. **Dit gaan oor elke dag leef in die teenwoordigheid van die Here en bewus wees van wat God doen en wat God verwag.** Dit, sê Dawid, het God vir Moses en vir die volk gedoen. Dit doen Hy vandag nog vir kerk van Jesus Christus. Hy is die troue Verbondsgod.

**Die Here is barmhartig, genadig, geduldig en vol troue liefde** – dié vers word aangehaal uit Eksodus waar God dit van Homself sê (Eks 34:6). Dié eienskappe van God is waarskynlik die kortste en mees omvattende beskrywing van sy wese, en dit is waarop ons in ons gebede en lofprysing moet fokus. Die volgende perspektiewe op God in v 9–18 verklaar hierdie vier eienskappe van God, al is dit met ander woorde.

**God is barmhartig:** Die Here beskuldig nie vir ewig nie en koester nie vir altyd wraak nie – vers 9.

**God is genadig:** Die Here se troue liefde is baie groter as ons sonde en sondeskuld vir dié wat vir Hom ontsag het (vertikaal beskryf), en verwyder ons oortredinge ligjare van ons af weg (horisontaal beskryf) – 'n verkondiging oor die kruis van Golgota! Dit is die basis vir die wonderwerk van God se vergifnis wat in Jesus Christus se verlossingswerk sy hoogtepunt in die NT bereik. **God tree nie op teenoor my op grond van wat ek verkeerd gedoen het nie, maar op grond van die verlossing wat daar in Jesus Christus is.** Dit is ons troos vir elke dag – v 10–12. Ons bly deel van die gebroke wêreld. Die pandemie het ons tot stilstand geruk om weer oor die sin van die lewe te vra. Daar is talle vrae oor dood en trauma. Die Heilige Gees versterk ons en beleef ons Sy goedheid deur daadwerklik vir mekaar te bid – Ef 6: 18

**God is geduldig:** Die Here ontferm Hom soos 'n vader oor sy kinders vir dié wat vir Hom ontsag het, omdat Hy weet dat ons verganklik is soos gras of 'n veldblom en gou vergaan. **God neem ons beperkinge in ag** – v 13-16. Daarteenoor gee Hy gee deur Jesus Christus se opstanding aan ons die ewige lewe.

**God is vol troue liefde:** Die troue liefde van die Here is vir ewig oor dié wat vir Hom ontsag het, en sy weldade is ook vir ons nageslagte. God se ewige bestaan word hier as die oplossing vir die probleem van die kortstondigheid van ons eie lewe geteken. Hy eis gehoorsaamheid aan Hom alleen en gee lewe. Die enigste reaksie wat daar by ons kán wees is **ontsag** (verse 11, 13, 17 se beklemtoning – eintlik die enigste kwalifikasie vir die ontvangs van dié God se troue liefde) en **lofprysing.**

**Oproep aan die hemelse wesens tot lofprysing** – vers 19-22

Die Here regeer oor alle dinge op alle plekke. Hy sien en weet alles wat gebeur en beplan word. Selfs die engele en magtige hemelwesens moet voor Hom buig, want Hy is die Skepper van hemel en aarde. Ons sien die vertikale en horisontale dimensies in die beskrywing van God se heerskappy in die manier waarop die hemelse lofprysing (v 20-21) gekombineer word met die aardse lofprysing (v 22). En daarom word die Psalm afgesluit met dieselfde oproep as wat Dawid in vers 1 gedoen het: “Ek moet die Here prys!” Die Here bly onder alle omstandighede altyd getrou in Sy oneindige liefde.

Die gebeure van die afgelope week bevestig dat die Here die enigste fondasie is waarop ons elke dag kan bou. Ons is Sy kinders, wat Hy aan Hom vasgemaak het deur die Heilige Gees. Ons oë is gevestig op Jesus Christus wat weer gaan kom. Juis daarom bid ons saam met die kerk van die eeue dat ons ons sterkte in die Here en sy geweldige krag, sal vind. Ons bid dat die Here ons deur die tyd van onsekerheid sal dra. Ons vertrou dat Hy uitkoms sal gee.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir tannie Lettie Coetzee wie se seun die afgelope week oorlede is. Mag ons Vader julle familie vertroos deur die Heilige Gees.
* Ons bid vir Gerhard Maritz wat die dokter weer moet sien in verband met die kanker. Ons bede is dat die Here vir jou en Martie deur die tyd sal dra. Martie het positief getoets vir Covid en ervaar groot moegheid.
* Ons bid vir elke lidmaat wat die afgelope tyd die virus opgedoen het en vir almal wat steeds onder die gevolge gebuk gaan. Mag die Here daagliks geloofs- en liggaamlike krag gee om aan Hom vas te hou.
* Ons dank die Here dat Hy ons veilig hou. Ons bid dat ons in die onrus veilig behoue sal bly.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK



*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.*
*Ken Hom in alles wat jy doen*
*en Hy sal jou die regte pad laat loop.*

*Spreuke 3: 5 & 6*

## KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 18 Jul | Lilian Ferns<br>Lumè Heinlein | 30<br>9 | B<br>D | 082 813 2277<br>076 340 9008 |
| Ma 19 Jul | ***Elsie De Beer **** <br>Martin O'Reilly<br>MJ Venter | ***70***<br>47<br>42 | B<br>B<br>B | 082 809 9831<br>082 554 2288<br>082 444 0336 |
| Wo 21 Jul | ***Cora Venter **** | ***75*** | B | 076 420 3629 |
| Do 22 Jul | Zach Pretorius<br>Niki Pretorius | 13 | D | 083 686 4256<br>082 748 5841 |
| Sa 24 Jul | Mario Janse Van Rensburg | 43 | B | 084 785 3598 |

## BASUIN PLASING

Namens Gerhard, Martie en Johan Maritz wil ons as familie graag die gemeente bedank, vir elke oproep, boodskap en kos wat by ons afgelewer is. Ons wardeer almal se liefde en omgee opreg. Baie dankie.

## DATUMS OM TE ONTHOU

Lidmate moet asb kennis neem dat daar tans **GEEN** Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal weer later hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

## DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.

Die diakonie is dringend opsoek na 'n **nebulizer**. As enige van ons lidmate 'n nebulizer het wat nie gebreuk word nie, word hulle versoek om dit asb aan die diakonie te skenk.


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir die bazaar in Augustus. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.


**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43.00 / kg**
**Braaiwors : R 85.71 / kg**
**Biltong : R 142.86 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : R 100.00 / pastei**

Ondersteun hulle asb hierdie projek van die diakonie en teen die prys KAN niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
MRT
APR
MEI
JUN
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
R 36 064.00
R 27 227.60
R 12 430.00
R 32 103.94
INKOMSTE
UITGAWES

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*
1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*
R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

***Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.***

***Efesiërs 6: 16—18***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS